# Misdaad en die impak daarvan op die mens – ’n Christelike perspektief

M.M. Steyn & H. Strydom
Skool vir Psigo-Sosiale Gedragswetenskappe: Maatskaplike Werk
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: mwkmms@puknet.puk.ac.za
mwkhs@puknet.puk.ac.za

Abstract

Crime and its impact on man – a Christian perspective

*Crime is a depressing and frightening reality, especially within the South African context. In this article the following aspects are discussed from the vantage point of a Christian world view: the concept crime, its impact on ‘victims’, and the care-taking of victims’ needs. Crime has a two-sided effect: it affects the victim and the perpetrator as well as their next of kin. Problematic issues regarding crime are outlined in the introductory part of the article. Subsequently a Christian perspective and what this frame of reference implies are discussed. On the basis of this perspective it is argued that crime is in essence a transgression of universal laws as well as of laws applied by governments and other authorities. When one lives lawlessly one implicitly and explicitly does not obey God’s commandment to love one’s neighbour and to honour and glorify God. As a result of the emotional ‘distance’ between a person affected by crime and a perpetrator, a crime-affected person is often not able to react and behave as can be expected of a believer whose way of life is intended to honour God. In addition to possible negative behavioural patterns and reactions, post-traumatic stress can contribute to dysfunctional development of traumatised people’s potential. The Word of God teaches that care should be given to the interests of one’s neighbour (in this case ‘neighbour’ implies both perpetrator and crime-affected person). A person affected by crime deserves the attention and support of both care-giving professionals and of members of the community at large.*

Opsomming

Misdaad en die impak daarvan op die mens – ’n Christelike perspektief

*Misdaad is ’n neerdrukkende en vreesaanjaende realiteit binne die Suid-Afrikaanse konteks. In hierdie artikel word die volgende aspekte vanuit ’n Christelike lewens- en wêreldbeskouing bespreek: die konsep misdaad, die impak daarvan op ‘slagoffers’, en die sorg dra vir die behoeftes van die ‘slagoffer’ of misdaadgeaffekteerde. Misdaad het ’n tweeledige effek: dit affekteer die slagoffer én die oortreder asook die naasbestaandes van albei partye. Problematiese aspekte van misdaad word oorsigtelik behandel in die inleidende gedeelte van die artikel. ’n Christelike perspektief asook die implikasies van so ’n verwysingsraamwerk word daarna bespreek. Op grond van hierdie perspektief word aangevoer dat misdaad in wese ’n oortreding van universele wette is asook ’n oortreding van wette wat toegepas word deur ’n regering en ander gesagsdraers. As iemand wetteloos lewe, dan verontagsaam hy*[1] *implisiet of eksplisiet God se gebod om sy naaste lief te hê en God te eer en te verheerlik. Op grond van die emosionele ‘afstand’ tussen iemand wat deur misdaad geaffekteer is en die oortreder self, reageer ’n misdaadgeaffekteerde dikwels nie in ooreenstemming met die verwagte gedragswyse van ’n gelowige, wie se lewe bedoel is om God te eer nie. Behalwe vir ’n moontlike negatiewe gedragswyse en reaksie kan posttraumatiese stres ook bydra tot die moontlike disfunksie in die ontwikkeling van ’n getraumatiseerde persoon se potensiaal. Die Woord van God leer dat ’n mens moet omsien na die belange van jou naaste (in hierdie geval impliseer ‘naaste’ sowel die oortreder as die misdaadgeaffekteerde). Iemand wat deur misdaad en die gevolge daarvan geraak is, verdien die sorg en ondersteuning van professionele hulp én die hulp van die groter gemeenskap.*

## 1. Inleiding

Een van die grootste vraagstukke in die Suid-Afrikaanse samelewing, naas armoede en MIV/VIGS, is die hoë misdaadvlak. Berigte oor een of ander vorm van misdaad en die impak daarvan op die gemeenskap verskyn gereeld in dagblaaie. Dit skyn asof daar geen respek vir mense se lewens of besittings of vir die vrye beweging van wetsgehoorsame landsburgers bestaan nie. Misdaad tas byna in alle gevalle die funksionering van ‘slagoffers’ aan, want op grond van die misdaad en sy nagevolge kan hulle nie in ooreenstemming met hulle volle potensieel funksioneer of ontwikkel

1 Die persoonlike voornaamwoord *hy* word in die teks gebruik om na albei geslagte te verwys. Dit het dus geen seksistiese betekenis of waarde nie.

nie. Maatskaplike werk as dissipline fokus veral op die effektiewe funksionering van die mens sodat hy sy volle potensiaal kan bereik. Sover bekend, is misdaad en die impak daarvan op die mens vanuit die hoek van maatskaplike werk as dissipline, nog nie vanuit 'n Christelike perspektief beoordeel nie. Dit is dus nodig om misdaad as samelewingsverskynsel binne die breër konteks van 'n reformatoriese denkraamwerk te plaas ten einde 'n moontlike en voorlopige antwoord daarop te kry.

In hierdie artikel word vanuit 'n reformatoriese perspektief besin oor misdaad en die impak daarvan op die Suid-Afrikaanse gemeenskap. So 'n werkswyse vereis die formulering van 'n beoordelingsraamwerk gebaseer op die Skrifgeworde Woord van God, die Bybel. Vanuit 'n normatiewe beoordelingsraamwerk word lig gewerp op misdaad as samelewingsverskynsel. Ook word nagegaan wat die trefkrag (impak) van die verskynsel op mense en op die ondersteuning van die oortreders, 'slagoffers' en hulle naasbestaandes kan behels.

Gewoonlik word van 'n slagoffer gepraat, maar in werklikheid is 'n misdaadslagoffer iemand wat die misdaad oorleef het en baie ondersteuning nodig het om die uitwerking en nawerking van die misdaad die hoof te bied en soms selfs net om te oorleef. Die term *slagoffer* dra op sigself 'n negatiewe konnotasie; gevolglik behoort na diesulkes eerder as *misdaadgeaffekteerdes* verwys te word. Mense wat geraak is deur die gevolge van misdaad moet bygestaan word om as oorwinnaars uit die stryd te tree. Dit is daarom van die uiterste belang dat misdaadgeaffekteerde mense deur professionele of ander dienste ondersteun word ten einde die impak van die misdaadgebeure te oorkom (Davis & Theron, 1999:57).

## 2. Probleemstelling

Alle samelewings is bekend met misdade wat in die gemeenskap gepleeg word wat nie tot voordeel van individue of die gemeenskap as geheel is nie. Suid-Afrikaanse koerantberigte oor die voorkoms van misdaad skets deurlopend 'n somber prentjie. Op grond van die jongste misdaadsyfers wat in September 2003 vrygestel is, blyk dit egter dat sekere misdaadvlakke in Suid-Afrika gestabiliseer het teenoor soortgelyke gegewens van 2001. Bedenkinge oor die akkuraatheid van die statistiek bestaan by verskeie instansies, soos byvoorbeeld by sommige politieke partye en die Mediese Navorsingsraad van Suid-Afrika. Die ervaring van landsburgers is ook dat die vlak van misdaad in Suid-Afrika onaanvaarbaar hoog bly. 'n Opname van die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS, 2004:1)

wat in 2003 gedoen is, toon dat byna 23% van alle landsburgers gedurende 2003 deur misdaad geaffekteer was. Uit die opname blyk dit ook dat slegs 25% van die respondente voel dat hulle veilig is, teenoor 60% in 1998.

Die voorkoms en intensiteit van die verskillende tipes misdaad kan van gemeenskapsgroepering tot gemeenskapsgroepering verskil. In verskeie gemeenskapsgroepe het misdaad al so ’n vlak bereik dat gemeenskapslede sat is daarvan en die reg in eie hande wil neem (Janse van Vuuren, 2004:11; Kühne, 2003:3; Oosthuizen, 2003:2). Sekere gemeenskappe kan ook, vanweë verskeie redes soos die aggressiewe gedrag van medegemeenskapslede en lae morele waardes, groter blootstelling aan hierdie negatiewe of afbrekende optredes ervaar.

Weens die nadeel wat misdaad vir die hele gemeenskap inhou, kan hierdie negatiewe optredes as wandade of misdade geklassifiseer word. Die regsgronde vir die bepaling van misdaad is vervat in die wette van ’n land (Mawby & Walklate, 1994:23). Alhoewel ’n juridiese perspektief geld wanneer misdaad omskryf word, reageer gemeenskappe op misdaad veral vanuit die hoek van hulle lewensbeskouing en fisiese verliese.

Die probleem waarop die artikel fokus, is dat die effek van misdaad die beeld van God in die mens versteur en die mens daarvan weerhou om volgens sy Goddelike opdrag binne sy vermoëns tot eer van God te leef.

## 3. Doel van artikel

Die doel van die artikel is om, in die lig van die persepsie dat misdaad in Suid-Afrika toeneem, misdaad en van die impak daarvan op misdaadgeaffekteerdes te ontleed. Ook word misdaad en hulp aan misdaadgeaffekteerdes vanuit ’n Christelike denkraamwerk beoordeel.

## 4. Metodes en strategie

’n Studie van tersaaklike vakliteratuur was die basiese navorsingsmetode. Data is verkry uit beskikbare vakliteratuur oor die onderwerp met die fokus op resente nasionale en internasionale kontekste. Drie kategorieë vakliteratuur is bestudeer, naamlik internasionale literatuur wat in die algemeen handel oor misdaad as samelewingsverskynsel asook die impak van misdaad op die mens se funksionering; Suid-Afrikaanse literatuur wat veral fokus op

misdaad hier ter plaatse en die impak daarvan op die inwoners van die land; en literatuur wat vanuit ’n Christelike perspektief kommentaar lewer op misdaad en die trefkrag daarvan op die gemeenskap.

Die volgende stappe word gevolg om die doel van die artikel te bereik:

- Eerstens word ’n normatiewe beoordelingsraamwerk gebied, wat gefundeer is op insigte en beskouings uit die Skrif as Woord van God.
- Tweedens volg ’n kort bespreking van die aard van misdaad.
- Derdens word die impak van misdaad op die mens aangetoon.
- Vierdens word die impak van misdaad op die mens nagegaan.

Misdaad, die impak daarvan op misdaadgeaffekteerdes en die ondersteuning van hierdie persone word deurgaans vanuit die normatiewe raamwerk, soos gefundeer op die Woord van God, beoordeel.

## 5. ’n Normatiewe beoordelingsraamwerk

Wanneer misdaad en die gevolge daarvan vir die misdaadgeaffekteerde vanuit ’n Christelike denkraamwerk beoordeel word, moet ’n aantal normatiewe riglyne gevind word. Oor die inhoud van ’n Christelike lewensbeskouing is reeds baie geskryf (Van der Walt, 1999; Van Wyk, 1973; Wolters, 1985). Die doel van hierdie artikel is nie om hierdie insigte en standpunte weer te beredeneer of te ontwikkel nie, maar om tersaaklike normatiewe riglyne ten opsigte van misdaad en die trefkrag (impak) van misdaad op die misdaadgeaffekteerde en sy naasbestaandes te vind. Daarom word slegs relevante normatiewe riglyne vanuit tersaaklike vakliteratuur aangetoon. Die volgende is belangrike normatiewe riglyne by die beoordeling van misdaad en die trefkrag daarvan op die oortreder, die misdaadgeaffekteerde en albei se naasbestaandes.

### 5.1 Wanneer moet ’n handeling, in die lig van die Skrif, as misdaad gereken word?

Sonde is in die wêreld gebring deur Satan wat die mens as die kroon van God se skepping tot ’n val wou bring met die opstand van Eva en Adam, soos beskryf in Genesis 3:1-7 (Duvenage, 1963:50). Volgens die Woord van God is hierdie sonde oorgedra op alle mense (Rom. 5:12, 15; 1 Kor. 15:22).

Mense se handelinge word in die reël deur ’n beginsel-, norm- of waarderaamwerk bepaal (J.L. van der Walt, 2003:126). Norme wat ’n leidende rol speel in die beoordeling van gedrag word geklassifiseer as outonome (selfbepalende), heteronome (faktore buite die self) en teonome (God in sy Woord) norme. Teonome norme is in werklikheid beginsels wat as gedragsreëls geklassifiseer word (De Bruyn, 1993:1-3). Die Tien Gebooie omvat sulke gedragsreëls. Vir die Christen word die goed of die sleg van handelinge binne die samelewing bepaal in die lig van God se Woord (De Bruyn, 1993:1-2).

Optredes in stryd met (die etiek van) die Woord van God word as sonde geklassifiseer. Die Heilige Skrif beskryf sonde op verskillende maniere. Eerstens impliseer sonde die gebroke verhouding tussen mens en God, tussen mense onderling en in die ongehoorsaamheid aan God (Gen. 3). Wie die mens se natuur soos deur God bepaal en die mens se natuur, wat aan die wet onderworpe is, wil verander, doen sonde (Heyns, 1970:89). Sonde sluit, onder andere wetteloosheid, ongeregtigheid en liefdeloosheid in (1 Joh. 3:4; 1 Joh. 4:20). Sonde is om die doel te mis van dit wat God in ons lewe bedoel het (vgl. Nederlandsche Gereformeerde Kerken in Nederland, s.a.: vr. & antw. 106: 17; Van Wyk, 1998:7). Tog is die mens nie ‘slagoffer’ van die sonde nie, maar mense neig tot die sonde deur die keuses wat hulle uitoefen. Satan se sonde was hoogmoed en dié van Adam ongehoorsaamheid. Hierdie twee kenmerke kan in die meeste vorms van misdaad aangedui word. Alhoewel die mens sondig is, het Jesus Christus versoening gebring, en het mens die verantwoordelikheid om hom bewustelik te distansieer van die sonde.

Sonde versteur die mens se verhouding met God en naaste en manifesteer in optredes soos wetteloosheid en gedrag wat gekenmerk word deur liefdeloosheid. Misdaad kan dus as ’n uitvloeisel van hierdie gebroke verhoudings geklassifiseer word.

## 5.2 Wie is die mens?

Die mens is geskep deur God (Gen. 1:27). Die mens is ook geskep na die beeld van God en daarom moet die mens se doen en late die beeld van God reflekteer (Nel, 2002:43; Van der Walt, 1994:173). Daar is ’n verband tussen die Goddelike en menslike bestaanswyse en handelswyse (Heyns, 1970:100; Van der Walt, 2001:14 ). God staan in verhouding tot die wêreld (as skepper en onderhouer) en dit bring mee dat die mens ook in ’n verhouding staan met God, die medemens en homself. Hierdie verhoudings waarin hy staan, is nie

staties nie en bring sekere verantwoordelikhede mee, soos om te leef tot God se eer en die mens en natuur waarmee hy in verhouding is te versorg. Die mens moet dus God se gebooie uitleef deur sy gedragswyse te stel in die diens van God. Dit moet geskied binne sy totale vermoë, wat talente, tyd, en besittings insluit, tot voordeel van sy medemens en die hele skepping (Van der Walt, 1994:173-174).

Die mens se skepping na die beeld van God bring ’n verband tussen God en mens tot stand, asook ’n verhouding tussen God, die mens en medemens. Die verhouding tussen mense moet dus gekenmerk word aan ’n afskynsel van God te reflekteer.

## 5.3 Wat behels die tweede tafel van die Tien Gebooie?

Die beginsel waarop die Tien Gebooie gebaseer is, is dat die Christen uit dankbaarheid en in erkentlikheid aan God sal leef (De Bruyn, 1993:19). Die eerste tafel van die Wet van God omvat riglyne wat die ‘vertikale verhouding’ met God beskryf en die tweede tafel die ‘horisontale verhouding’ met die medemens (De Bruyn, 1993: 25). Alhoewel die Wet van God in sy geheel ter sprake is wanneer mense se gedrag beoordeel word, is die tweede tafel van die Wet, veral in die geval van misdaad, ter sprake. Die tweede tafel fokus direk op gedrag tussen mense. Die verhouding tussen die twee tafels is belangrik aangesien die verhouding tot God sonder die verhouding tot die naaste ’n abstraksie is (De Bruyn, 1993:25; Heyns, 1970:91). Die tweede tafel omvat die vyfde tot die tiende gebod. Daar word kortliks na elk van die gebooie verwys.

*Die vyfde gebod* bepaal die gedrag van kinders teenoor hul ouers, maar betrek ook gesag as wettige reg en mag van sekere persone, soos gesagdraers, wat gehoorsaam moet word (De Bruyn, 1993: 109). *Die sesde gebod* handel oor die lewe van die mens en in besonder die beskerming van die lewe van die mens. Die liefdes-opdrag word ook hierdeur beklemtoon. *Die sewende gebod* bepaal die verhouding tussen mans en vroue binne die huwelik, terwyl *die agtste gebod* verwys na die mens as rentmeester (Van der Walt, B.J., 2003:165). Die implikasies van rentmeesterskap is onder andere dat die mens besittings, wat hy op regmatige wyse verkry het, mag hê en bestuur tot eer van God en die welsyn van die medemens, maar nooit mag toelaat dat dit ’n afgod raak en versteuring bring in die verhouding tussen God en mens nie. Die onwettige ontneming van ’n ander se eiendom word duidelik deur die Heidelbergse Kategismus veroordeel (antw. 110). Gierigheid, die selfgerigte bymekaarmaak van besittings, lei tot selfverryking en

indirek tot 'n besteling van God en medemens. God is die eienaar van alle dinge en het bedoel dat alle mense die voordeel van sy eienaarskap sal hê (De Bruyn, 1993:253-256; 261). Die inhoud van *die negende gebod* veroordeel die verdraaiing of ignorering van die waarheid. God is die Bron van Waarheid, en is in stryd is met die leuen, waarvan Satan die vader is (De Bruyn, 1997:315; Duvenage, 1963:128). *Die tiende gebod* verbied die mens om te begeer wat nie aan hom behoort nie. Alhoewel begeerte as 'n gesindheid nie sigbaar is nie, lê dit die wederregtelike neem van ander mense se besittings ten grondslag – 'n daad waarin die leuen gewoonlik 'n sentrale rol speel. Alle begeertes loop nie op sonde uit nie, maar dra gewoonlik die latente moontlikheid daartoe.

In sy geheel gee die tweede tafel van die Tien Gebooie dus baie duidelike riglyne oor 'n mens se gedrag en toon veral ook aan wat die handelinge van die mens *nie* moet wees nie.

### 5.4 Die plek en rol van die staat en owerheid

Leierskap is om 'n amp te beklee of die reg of gesag daartoe te hê. Dit sluit ook die vermoë in om 'n gemeenskap of samelewingsverband so te organiseer dat 'n gemeenskap in gehoorsaamheid aan duidelike norme en op 'n verantwoordelike wyse sy roeping kan vervul of sy doel kan bereik (Van der Walt, B.J., 2003:166-167). Menslike gesag is gegrond op God se welbehae (vgl. H.K. 39) en word in die vyfde gebod bepaal. Die Skrif gee gesag aan persone wat in 'n leiersposisie staan om dit in stand te hou (Van der Walt, B.J., 2003:151). Om wanorde in 'n samelewing te voorkom, is gesag te alle tye noodsaaklik. Die staat se sanksionering om gesag uit te oefen en straf op te lê, is Skrifgefundeerd (Rom. 13:1, 2; Pet. 2:13, 14). Straf word toegedien sodat God gedien en gerespekteer kan word en is dus toelaatbaar in dié sin dat 'n misdaad met 'n straf wat daaraan gelyk staan, gestraf moet word (Buys, 1986:40/7).

Die handhawing van orde manifesteer in die promulgering van wette (gepositiveerde wette), maar ook in die afdwing daarvan deur op te tree teen dié wat dit nie gehoorsaam nie. Die staat het die verantwoordelikheid om 'n omgewing te skep waarin 'n samelewing of gemeenskap hul roeping kan vervul en ook om maatreëls af te dwing indien dit nie gebeur nie (Nel, 2002:77).

Die staat en leiers het gesag vanuit God om 'n samelewing so te organiseer dat inwoners kan woon en werk om hul Goddelike roeping uit te leef. Hierdie lewenswyse moet van so 'n aard wees dat dit tot die eer van God sal strek.

## 5.5 Wat is die plek van die mens in die samelewing?

Die skeppingsopdrag bepaal dat die mens geskape is om oor die skepping te heers. Die mens moet optree as profeet, priester en koning (De Bruyn, 1997:76; Duvenage, 1963:46 ). Hierdie roeping kulmineer daarin om te leef tot eer van God, tot voordeel van die naaste en in die bewerking en bewaking van die aarde (Gen. 2:5, 15). In al hierdie verhoudings het die mens die keuse om met respek en agting of met disrespek en veragting op te tree. Die skeppings-opdrag hou in dat daar respek vir die aarde en die mens moet wees, aangesien God ná die skepping gesien het dat dit wat Hy geskep het, goed was. Sy seën het daarop gerus (Gen. 1:28).

Die liefdesgebod (Joh. 15:12) impliseer dat die liefde wat teenoor die naaste gehandhaaf moet word, ook in die versorging van die naaste moet manifesteer. Die voorbeeld van Christus het onder meer die versorging van mense tydens sy lewenswandel op die aarde ingesluit (Matt. 4:23-24). Die mens wat onder die Wet van God leef, moet binne die grense van die Wet sy lewensruimte vind. As hy nie hierdie plek kan vind nie, sal hy ook nie sy lewensfunksie kan vervul nie.

Die mens is geroep om te leef tot eer van God, tot voordeel van die naaste en die aarde te bewerk en te bewaak (Nel, 2002:50). Die liefdesgebod van God plaas verder ook die verantwoordelikheid op mense om hul naaste te versorg.

## 5.6 Wat is heling (gesond word)?

Die eerste gedagte wat by mens opkom oor die konsep van heling is dat daar herstel moet kom. In die Skrif staan die lyn van skepping, sondeval en dan herstel sentraal. Heling is die los- en vrymaak van dit wat die mens in ’n negatiewe konteks bind. Wanneer iemand gebind is, is so ’n mens beperk en kan hy nie sy doel en bestemming as beelddraer van God bereik nie (De Bruyn, 1993:70). Gesondword en heling is die aflê en herstel van alle negatief bindende elemente. Vanuit ’n reformatoriese denkraamwerk is heling te vind in die verlossing wat deur Christus se sterwe bewerk is (Rom. 8:2). Die mens is nie die ‘slagoffer’ van die sonde nie, want herstel is moontlik gemaak in Jesus Christus.

Die heling van die impak van sonde en derhalwe misdaad is moontlik op grond van die soenverdienste van Jesus Christus. Die aflê en herstel van die negatief bindende elemente van die sonde word ondersteun deur die sigbare uitleef van liefde tot die naaste. Hulpverlening is daarom ’n duidelike opdrag van God.

### 5.7 Slotsom

Die voorgaande lei tot die volgende beoordelingsraamwerk:

- Sonde gee aanleiding tot misdaad. Wetteloosheid, ongeregtigheid en liefdeloosheid veroorsaak misdaad en hoogmoed en ongehoorsaamheid is sinoniem met misdaad. Misdaad word Skriftuurlik as verkeerd uitgewys, aangesien dit gebou is op elemente wat nie tot eer van God strek nie.
- Die mens wat geskape is na die beeld van God, staan op bevel van God in verhouding tot God, homself en sy naaste. Hy het ook die opdrag om dit te versorg waarmee hy in verhouding is. Die verhoudings waarbinne die mens staan, word in die Wet van God voorgeskryf en gebied gehoorsaamheid daaraan.
- Die gedrag van die mens word duidelik in die tweede tafel van die Wet van God voorgeskryf. Die Wet verbied diefstal, leuens en die begeerte na dit wat nie aan die mens behoort nie.
- God gee gesag aan onder andere die staat en owerhede en gebied die gemeenskap om daaraan gehoorsaam te wees. Die staat mag norme en wette neerlê sodat ’n geordende samelewingsomgewing geskep kan word. Wette moet daarom gehoorsaam word.
- Die mens moet optree as koning, priester en profeet. Hierdie verantwoordelikhede kulmineer in die bewerking van die aarde en die versorging van die medemens.
- Die herstel in Christus maak heling moontlik.

## 6. Aard van misdaad en misdadige gedrag

Misdaad kan uit verskillende hoeke beskou word. Vir die doel van hierdie artikel word gelet op die omskrywing daarvan en die mense wat betrokke is by die pleeg van misdaad (oortreders en ‘slagoffers’).

### 6.1 Omskrywing van misdaad

Regsgrondelik word misdaad gedefinieer as gedrag wat in stryd is met reëls wat deur ’n gesagsliggaam neergelê is (Aafjes *et al.*, 2000:21; Bezuidenhout, 1998:147; Lauer, 1995:127). Misdaad kom daarop neer dat daar sprake is van ’n handeling wat in stryd is met die juridiese raamwerk wat in die samelewing geld. As dié reëls oortree word, kom die gedrag of handeling van individue in konflik met die gemeenskap se pogings om hulself te organiseer.

Uit die gepositiveerde wette of juridiese raamwerk van ’n land word dus bepaal watter gedrag as aanvaarbaar of onaanvaarbaar beskou word ten einde ’n veilige leefomgewing vir die gemeenskapslede te skep. ’n Veilige omgewing is nodig sodat ’n gemeenskapslid die geleentheid kan hê om tot volle potensiaal te ontwikkel. Potensiaalontwikkeling moet volgens die Skrif altyd daarop gerig wees om God se eer te soek en moet dienooreenkomstig in gedrag weerspieël word (Nel, 2002:43). Die welsyn van ’n samelewing kan inderdaad gemeet word aan die voorkoms van misdaad in die gemeenskap (Roestenburg, 2000:12). Die ordening van ’n samelewing is gevolglik wêreldwyd daarop gerig om die mens van ontwikkelings- en funksioneringsgeleenthede te voorsien vir eie- en gemeenskapsbelang. Die staat vorm die hoogste gesag, met die verantwoordelikheid om sover moontlik ’n veilige omgewing te skep vir die landsburgers om in te woon.

## 6.2 Persone betrokke by misdaad

Binne die konteks van die navorsingsprobleem, naamlik die impak van misdaad op die mens, is twee partye ter sprake: die misdadiger en die misdaadgeaffekteerde. Dit is twee partye wat met konflikterende belang teenoor mekaar staan. Die liefdesgebod, soos hierbo uitgewys is, word in so ’n konfliksituasie geïgnoreer. Die belange van die twee partye word vervolgens uitgelig.

Die primêre motivering van die *misdadiger* is in die reël eiebelang wat op onregmatige wyse vooropgestel word. Die wyse waarop die eiebelang vooropgestel word, word gewoonlik gekenmerk deur die toepassing van mag/geweld in ’n negatiewe konteks.

Die tweede party betrokke in misdaad is die *misdaadgeaffekteerde*. Hierdie party ervaar verlies deurdat hy ontneem word van iets (eiendom) wat aan hom behoort. Eiendom word hier in die breë sin van die woord bedoel. Figuurlike besittings soos maagdelikheid, lewe en ’n gesonde liggaam word ook as eiendom geag, aangesien dit as geskenk van die Here beskou kan word en die eienaar met die ‘eiendom’ vertrou word. Die ontneem van die eiendom word as verlies ervaar omdat eiendom verloor is sonder dat toestemming daartoe verleen is. Hierdie verlies is ook tweeledig omdat die misdaadgeaffekteerde fisieke en emosionele verlies ervaar. Dit lei verder daartoe dat die verhouding tot die medemens belemmer en ’n vertrouensbreuk geskep word; die verhouding met die medemens word versteur.

Versteurde verhoudings het verskeie implikasies, maar die belangrikste is die belemmerde funksionering van die mens, sodat hy nie tot eer van God kan regeer en leef nie. Uit hierdie negatiewe ervarings van die misdaadgeaffekteerde kan selfs wanpersepsies oor die medemens gevorm word. ’n Verdere uitvloeisel is dat die naasbestaandes van die twee partye ook deur die daad geraak word en dat dit ’n effek op hulle potensiaalontwikkeling het. Om die vertrouensbreuk en wanpersepsies te herstel, is heling nodig. Dit sluit nie die spreekwoordelike oog-vir-’n-oog-standpunt in nie, maar restitusie wat die een of ander vorm van vergoeding is. Die feit dat die oortreder tot verantwoordelikheid geroep word, dien in baie gevalle reeds as regstelling.

## 7. Impak van misdaad op die mens

Die werklike impak van misdaad op die mens word moeilik bepaal, aangesien mense verskillend op dieselfde situasies reageer. Selfs al ervaar mense dieselfde emosies, word dit op verskillende wyses uitgedruk. Woede word dikwels as ’n enkelvoudige emosie gesien, maar sluit inderwaarheid ook ander emosies in (Mawby & Walklate, 1994:35). In ’n ondersoek wat in 2003 deur Schutte (2003:214) onderneem is oor ‘slagoffers’ van plaasaanvalle, is bevind dat 71,88% van die navorsingsdeelnemers woede ervaar het. Die inhoud van woede is negatief, want dit dreineer die mens se energie. Die effek van misdaad op die misdaadgeaffekteerde en die naasbestaandes word gewoonlik bereken in terme van fisiese beserings, ekonomiese verlies, ongemak en psigologiese trauma. Die uitwerking op al hierdie lewensfasette raak egter ook die misdaadgeaffekteerde se maatskaplike funksionering aangesien die mens as verbandswese geskape is. In die uiteensetting wat hieronder volg, sal aangedui word hoe die mens, teenstrydig met die bedoeling van die Skrif, geraak word. Die uitwerking van misdaad veroorsaak dat die beelddraerfunksie van die mens ernstig versteur word. Die vertroue van die misdaadgeaffekteerde in God, sy medemens en homself word onder ernstige druk geplaas. Dit word moeilik om tot eer van God te leef wanneer die natuurlike neiging tot vergelding teenoor die misdadiger na vore tree. Die impak van die misdaad, ’n optrede wat duidelik die misdadiger se houding van disrespek of veragting teenoor die belange van die medemens weerspieël, laat gewoonlik diep letsels in die emosionele welstand van die misdaadgeaffekteerde.

Die impak van misdaad op lewensfasette van die misdaadgeaffekteerde word soos volg ingedeel (Jacobs, 1990:49-50; Mawby & Walklate, 1994:33-35):

### 7.1 Ekonomiese verlies

Misdaad lei in byna alle gevalle tot ekonomiese verlies, selfs al was die primêre doel van die misdaad nie materiële gewin nie. Eerstens word verwys na verlies aan besittings waardeur die misdaad-geaffekteerde veelvuldige finansiële kostes as gevolg van die misdaad moet dra. Voorbeelde van finansiële koste is kostes wat nie in hul geheel deur versekering (indien beskikbaar) gedek word nie en die verlies aan lewensmiddele. In die ondersoek van Schutte (2003:206) het 26% deelnemers aangedui dat hulle besittings verloor het. Daar moet gekompenseer word vir skade aan die eiendom wat tydens inbraak of roof aangerig of besittings wat gebuit word (Stevens & Cloete, 1996:41). Suid-Afrika het tans nie ’n algemene kompensasieskema nie (Snyman, 2002:1). In sommige situasies kan die Openbare Vervolger op versoek van die klaer ’n bevel uitreik vir kompensasie. Aangesien nie alle misdaad-geaffekteerdes in die hof teenwoordig is nie of nie van die bepaling bewus is nie, word sulke bevele by uitsondering uitgereik (Snyman, 2002:1).

Tweedens kan verwys word na die mediese koste wat as gevolg van beserings veroorsaak word. Vier en dertig persent van die deelnemers in die ondersoek van Schutte (2003:207-208) het aangedui dat hulle erge beserings opgedoen het. Die koste is dikwels vir die rekening van die misdaadgeaffekteerde self, aangesien nie almal toegang tot mediese fondse het nie.

Derdens is daar indirekte verlies vir die misdaadgeaffekteerde, deurdat hy tyd moet afstaan aan hofsake indien die misdaad ondersoek word en hy sodoende afwesig is by sy werk. So ’n situasie skep ook ’n direkte verlies vir die werkgewer vanweë die werknemer se afwesigheid. Ernstige beserings kan ook lei tot verlies aan werk. Die effek van misdaad in die sin van ekonomiese verlies kring verder uit as die vervanging van dokumente en beursies met kredietkaarte wat tydens roof of inbraak verloor word, byvoorbeeld in ag geneem word.

### 7.2 Liggaamlike letsels

Liggaamlike letsels is onafwendbaar indien ’n persoon tydens die misdaad met geweld hanteer is. Volgens die navorsing van Schutte (2003:208) is bevind dat liggaamlike letsels manifesteer in skietwonde (14,71%), meswonde (14,71%) of steekwonde (8,82%). Ander letsels wat kan voorkom, is kneusplekke, gebreekte tande en bene en selfs gestremdheid, afhangende van die ernstigheid van die

aanranding. Volgens inligting wat in die media aangebied word, kan aanvaar word dat misdaad ook gepaard gaan met liggaamlike beserings as gevolg van die geweld wat toegepas word. Statistiek van die situasie kan egter nie gegee word nie, aangesien statistiek in Suid-Afrika nie in dié formaat aangebied word nie.

### 7.3 Psigologiese trauma

Trauma word ervaar waar verliese gely word, hetsy as gevolg van beserings of verlies aan middele. Die angstigheid oor die misdaadgeaffekteerde en dié se gesin se veiligheid asook die vrees vir ’n herhaling van die misdaad is algemene verskynsels wat voorkom. Misdaadgeaffekteerdes toon simptome wat geassosieer kan word met depressie, angstigheid, vyandigheid, somatiese simptome, vermydingsgedrag, swakker selfbeeld en verhoogde vervreemding (Davis & Henley, 1990:161). Bykomend tot die voorafgaande kan die misdaadgeaffekteerde na die insident intense vrees beleef. In ernstige gevalle word selfs posttraumatiese stresversteuring ondervind, waartydens die oorspronklike traumatiese gebeure herleef word. In die ondersoek van Schutte (2003: 214) is bevind dat die volgende as uitwerking van die trauma deur die deelnemers beleef is: magteloosheid (65,63%), angstigheid (53%), terugflitse (43,75%), depressie (37,5%), aggressie (37,5%) nagmerries (34%) en die onvermoë om te konsentreer (31%). Geheueverlies, rusteloosheid en vermyding van mense en plekke waar hulle weerloosheid ervaar, kan ook beleef word (Petzer, 2000:81). Die ervaring dat die oortreder die persoonlike ruimte van die misdaadgeaffekteerde betree het, dikwels nadat die misdaadgeaffekteerde moeite gedoen het om dit te voorkom, is traumaties vir hom al was hy nie teenwoordig tydens die pleeg van die misdaad nie.

In ’n ondersoek van Stansfeld (2002:79) is bevind dat 50% van misdaadgeaffekteerdes fisiese simptome, verwant aan psigosomatiese oorsake, soos borskas-, maag- en hoofpyne en hartkloppings ervaar. Skuldgevoelens en iemand se onvermoë om uiting te gee aan die impak van die misdaad of om dit in woorde te stel, word gewoonlik ingesluit by psigologiese trauma. Ter wille van die belangrike rol wat dit speel in mense se gedrag, word dit egter hieronder afsonderlik behandel.

### 7.4 Skuldgevoelens

Skuldgevoel word soms deur misdaadgeaffekteerdes ervaar as hulle die aanval oorleef het, terwyl geliefdes en naastes moontlik dood is

of fisies erg beseer of gestremd gelaat is. Skuldgevoelens is in die besonder daarvoor verantwoordelik dat iemand nie kan voortgaan met die lewe nie. Hy sal voortdurend die situasie herleef en probeer visualiseer hoe anders die afloop kon gewees het as hy anders opgetree het. Sulke gevoelens lei tot selfverwyt (Barlow & Durand, 2001:70). Skuldgevoelens is, soos ’n wrok, ’n kanker wat die persoon se lewe kan oorheers en belemmer. In sulke gevalle word uitgebreide verlies aan lewenskwaliteit beleef. Schutte (2003: 214) het ook in haar ondersoek bevind dat 25% van die deelnemers skuldgevoelens ervaar het nadat die traumatisering plaasgevind het.

## 7.5 Onvermoë om die effek van die misdaad uit te druk

Nog ’n dimensie van misdaadviktimisasie waarmee nie altyd rekening gehou word nie, is dat misdaadgeaffekteerdes wat emosionele of materiële verlies gely het, dikwels nie in staat is om die effek van die misdaad verbaal of nie-verbaal uit te druk nie. Faktore wat dit veroorsaak, is onder andere die impak van die daad, die onvermoë om dit in woorde uit te druk of dit in privaatheid uit te leef deur byvoorbeeld te huil (Mawby & Walklate, 1994:35). Wanneer ’n persoon nie die vermoë het om sy emosies of ervarings te verbaliseer nie, kan die effek van die trauma nie verwerk word nie. Die verwerking van trauma is ’n proses wat begin met ontlading nadat die persoon die trauma ervaar het.

## 7.6 Effek op toekomstige gedrag/ maatskaplike funksionering

Die grootste effek op die toekomstige gedrag van mense is waarskynlik dat die misdaadgeaffekteerde se toekomsvisie beperk word. As gevolg van die vrees vir ’n herhaling van die misdaadinsident word ’n persoon se funksionering geïnhibeer. Die ondersoek van Schutte (2003:214) toon dat 43,75% van die deelnemers geïsoleerd gevoel het na die traumatiese belewenis. Sommige mense sal nie kans sien om vrylik rond te beweeg soos wat hulle vroeër gedoen het nie. Schutte bevind verder dat 18,75% van die deelnemers ander mense vermy het na hulle ervaring. Selfs binnenshuis is die persoon gedurig gespanne en luister om vreemde geluide vroegtydig te identifiseer en nie verras te word deur ’n oortreder nie. Die misdaadgeaffekteerde onderhandel met homself deur alternatiewe optredes te antisipeer ten einde ’n herhaling van die insident te voorkom. Indien die misdaadgeaffekteerde se gesin nie die misdaad beleef het nie, beleef hulle nie die effek daarvan soos hy nie. Ten spyte hiervan word die gesin se funksionering ook geraak, aangesien hulle die reaksies van die misdaadgeaffekteerde ervaar, wat ook ’n impak op hulle gedrag het. In die ondersoek van

die ISS (2004:37) is bevind dat mense voel dat misdaad 'n noemenswaardige effek op hulle gedrag het, in so 'n mate dat hulle kinders nie vrylik buite kan speel, in die buitelug kan ontspan en selfs openbare vervoer kan gebruik nie.

Dit is ook algemeen bekend dat 'n misdaadgeaffekteerde nie altyd ervaar dat die juridiese proses die mate van trauma wat ervaar is, in ag neem wanneer die aangeleentheid in die hof na vore kom nie. Dit is veral die geval in verkragtingsgevalle. Waar 'n getraumatiseerde misdaadgeaffekteerde ervaar dat die geloofwaardigheid van die getuienis betwyfel word, beleef die persoon 'n verdere verlies aan selfwaarde. Dit het die gevolg dat die potensiaal van die persoon beperk en die verhouding met homself versteur word.

Wanneer die impak van misdaad op die mens in sy geheel beskou word, staan die feit dat misdaad die verhouding tussen medemense versteur, voorop. Die uitwerking hiervan is dat die funksionering van die mens as verbandswese beperk word en dat sy opdrag om tot eer van God te leef, en dus ligdraer te wees, vertroebel word aangesien die emosionele impak van misdaad die mens in homself kan laat keer. Hierdie uitwerking veroorsaak dat die roeping wat God vir elke mens bedoel het, ook negatief beïnvloed kan word.

## 8. Ondersteuning van die misdaadgeaffekteerde

Sondebesef stimuleer die mens se behoefte aan troos (De Bruyn, 1997:2). Die ideale oplossing vir die misdaadgeaffekteerde is om te leef in 'n veilige en geordende omgewing wat vry is van misdaad, veral interpersoonlike geweld (Williams *et al.*, 2001:412). As gevolg van die sondeval is 'n algehele misdaadvrye omgewing nie moontlik nie, maar in die herstel deur die koms van Christus is die strewe daarna weer moontlik. In 'n ondersoek na misdaadgeaffekteerdes se trauma-ervaring is bevind dat ondersteuning vir hulle noodsaaklik is – ondersteuning waarby die versorging van die naasbestaandes ook ingesluit is (Stansfeld, 2002:77). In Stansfeld se ondersoek het aan die lig gekom dat 59% misdaadgeaffekteerdes en 50% van hul lewensmaats hulp verlang na die trauma-ervaring. In 'n ondersoek deur Van Dijk (1994:129) is bevind dat hoe minder dienste beskikbaar is, hoe meer het die deelnemers aangetoon dat hulle dienste benodig het. In lande waar die dienste beskikbaar was, was die behoefte aan dienste oënskynlik kleiner, aangesien daar in 'n mate reeds daarin voorsien is. In Nederland het 12% van die deelnemers byvoorbeeld groter dienslewering versoek; in Swede 15%, Nieu-Seeland 23% en in Engeland/Wallis 24%. Van die deel-

nemers in lande uit Afrika en Suid-Amerika het 50% aangetoon dat hulle meer ondersteuningsdienste verlang.

Die kwessie van regstellende geregtigheid (*restorative justice*) het veral met die Waarheid- en Versoeningskommissie van Suid-Afrika op die voorgrond getree. As ’n slagoffer die verlies en ontneming van ‘eiendom’ sonder instemming daartoe as traumaties ervaar en die oortreder wel tot verantwoording geroep word, word ’n mate van regstelling ervaar.

Regstellende geregtigheid word gebaseer op die oortuiging dat menslike konflik en skade beter hanteer kan word deur aandag te gee aan die heelwordproses van die mense wat geaffekteer is in plaas daarvan om op die straf van die oortreder te konsentreer. Williams *et al.* (2001:264) beweer dat regstellende geregtigheid die basiese behoeftes van die misdaadgeaffekteerde, die oortreder en die gemeenskap respekteer. Die rede hiervoor is dat die regstellende model, dit wil sê die reëling van geregtigheid, die aktiewe deelname van persone insluit wat direk betrokke is in en geraak is deur die kriminele aktiwiteit. Ooreenkomste verseker vergoeding aan die misdaadgeaffekteerde en maak dit vir die oortreder moontlik om aan die ooreengekome verwagtings te voldoen. Die Skrif verbied wraakgierigheid en daarom moet regstellende geregtigheid nooit die aard van vertoon hê nie (Buys, 1986:40/8).

Nie alle misdaadgeaffekteerdes verlang ondersteuningsintervensie nie. Dit is egter belangrik dat die rouproses waardeur ’n persoon wat verlies ervaar beweeg, in gedagte gehou moet word. Die aanvanklike fase van die proses is ontkenning en hiertydens kan die misdaadgeaffekteerde moontlik dienste weier. Indien dit die geval is, moet die situasie na ’n tyd opgevolg word. Die geduldige en liefdevolle versorging van die naaste vereis dat dit gedoen moet word (Antw. 107). Die misdaadgeaffekteerde het die herstelproses nodig om vir homself sin te maak uit die sogenaamde sinloosheid wat ervaar is. Wanneer hierdie fase bereik word, kan vergifnis makliker bereik word soos wat die Wet van God aan ons voorskryf.

Die dienste wat in die algemeen deur misdaadgeaffekteerdes benodig word, kan in drie kategorieë verdeel word (Groenhuijsen, 1998:16; Stavrou, 1998:26-27).

## 8.1 Emosionele ondersteuning

Die effek van trauma wat deur die misdaadgeaffekteerde ervaar word, moet verminder word deur die versorging van die persoon. De

Bruyn (1993:140-141) verwys in hierdie verband na die liefdevolle versorging van die naaste soos deur die gelykenis van die barmhartige Samaritaan duidelik na vore kom. Die aard van die trauma sal bepaal watter professionele dienste van maatskaplike werkers en sielkundiges nodig gaan wees. Die eerste aksie wat normaalweg geneem moet word, is die ontlonting of emosionele ontlading van die persoon wat erge trauma beleef het. Emosionele ontlading moet verkieslik binne 72 uur ná die trauma plaasvind om die grootste impak te hê, maar selfs al verloop 'n langer periode, is emosionele ontlading steeds noodsaaklik ten einde die getraumatiseerde persoon op die pad van herstel te plaas. Dit word daarna opgevolg met terapeutiese dienste totdat die persoon onafhanklik kan voortgaan. Die basis van terapie is die ondersteuning van die misdaadgeaffekteerde om probleme wat hom aan bande lê om sy potensiaalontwikkeling na te streef, in hanteerbare segmente te verdeel en dan stap vir stap deur te werk. Die eksterne beperking van 'n mens se potensiaalontwikkeling is nie in ooreenstemming met God se doel met die mens nie – God word immers verheerlik as die mens sy volle potensiaal bereik.

Dit is binne die wil van God dat die persoon wat troos benodig, dit kry van dié wat reeds deur God die vertroosting ervaar het (De Bruyn, 1997:3). Dit is daarom 'n opdrag aan die mens om sy medemens wat leed ervaar by te staan. Benewens individuele terapie is die ondersteuning wat deur middel van groepwerk gebied word deur mense wat dieselfde soort trauma beleef het, van onskatbare waarde. Gemeenskaplike sessies wat gereeld plaasvind, lei tot 'n kameraadskap wat tot onderlinge ondersteuning lei (Lee & Swenson, 1994:426). Selfs nie-misdaadgeaffekteerdes in die gemeenskap kan ondersteuningsgroepe ter ondersteuning van misdaadgeaffekteerdes lei. Die tipe byeenkomste sal ook daartoe bydra dat die misdaadgeaffekteerde nie in isolasie begin leef om die misdadige samelewing, soos hy dit mag ervaar, te vermy nie. Die besef dat daar ander mense is wat ook in die misdadige samelewing leef en ondersteuning bied deur genoeg om te gee, kan die vertroue van die misdaadgeaffekteerde in sy medemens help herstel. Netwerke kan gevorm word na gelang van die aard van die misdaad wat gepleeg is, byvoorbeeld vir misdaadgeaffekteerdes van verkragtings en kapings. Die professionele dienste moet gelewer word volgens die misdaadgeaffekteerde se behoeftes en die vordering op die pad van herstel.

## 8.2 Praktiese dienste

’n Mens se naaste is enige persoon wat jou pad kruis en moet daarom versorg word soos wat jy dit vir jouself gun (De Bruyn, 1993:140). Wanneer ’n misdaadgeaffekteerde getraumatiseerd is, is hy nie altyd in staat om die nodige besluite te neem nie, aangesien ontkenning dikwels sterk na vore tree. Veral in die geval van huisbraak, maar ook in ander situasies, benodig die misdaadgeaffekteerdes praktiese hulp. Uitreik na jou naaste deur byvoorbeeld deurslotte, vensterruite en ander huishoudelike toestelle te help vervang, demonstreer die liefdevolle versorging van ’n persoon of persone. Deur slegs die misdaadgeaffekteerde na die winkel te vergesel, is soms genoeg. Om slotte te vervang, vereis egter soms kundige hulp en advies oor waar sulke hulp bekom kan word – ook ’n manier van hulpverlening wat aangewend kan word.

## 8.3 Inligting

Ten einde weerbaar te wees in die geval van moontlike traumatiese gebeure moet lede van die gemeenskap met die nodige kennis toegerus word. Die verskaffing van inligting aan ’n getraumatiseerde word dikwels oor die hoof gesien. Die misdaadgeaffekteerde is dikwels onseker oor die juridiese prosesse wat sal volg en kan selfs daardeur geïntimideer voel. As die nodige inligting daaroor verskaf word, word hulle gerusgestel. Vervoer na en van die hof kan ook ’n probleem vir die misdaadgeaffekteerde wees waarin voorsien kan word. Verder kan inligting verskaf word insake die prosesse wat nodig mag wees om die trauma te hanteer asook waar die professionele dienste beskikbaar is.

In die voorsiening van inligting speel die ondersoekbeampte van die SAPD ’n belangrike rol, aangesien die misdaadgeaffekteerde die misdaad dikwels eerste by die polisie aanmeld. Inligting oor kompensasie vir sekere misdade asook inligting oor die aansoekprosedures moet aan misdaadgeaffekteerdes gekommunikeer word. Ter wille van effektiewe inligtingverskaffing moet daar in die ondersteuningsnetwerk aan misdaadgeaffekteerdes ’n spesifieke persoon vir dié rol aangewys word.

## 8.4 Slotsom

Dit blyk uit die voorafgaande bespreking dat daar by die misdaadgeaffekteerde heling of herstel moet wees ten opsigte van die verlies wat gelei is. Heling is die los- en vrymaak van dit wat ’n mens aan ’n negatiewe konteks bind. Wanneer die mens gebind word, word die beeld van God versteur. Heling, ooreenkomstig ’n

reformatoriese denkraamwerk, is gegrond in die verlossing wat deur Christus se sterwe bewerk is. Die mens is dus nie ’n misdaadgeaffekteerde van die misdaadgebeurtenis nie, want herstel is moontlik gemaak in Jesus Christus. Op grond van die tweede tafel van die Wet is dit ook duidelik dat naasteliefde almal dwing om die misdaadgeaffekteerde by te staan in die helingsproses.

## 9. Samevatting

In die artikel is die hulp wat misdaadgeaffekteerdes benodig, ontleed en vanuit ’n Christelike lewensbeskouing beoordeel. Op grond van ’n reformatoriese beoordelingsraamwerk word misdaad ten sterkste afgewys. Die impak van misdaad raak sowel die misdaadgeaffekteerde as die oortreder en albei se naaste. Misdaad word veroordeel – op grond van universele wette én op grond van wette wat die owerheid in werking stel. As ’n mens dus wetteloos lewe, word die Gebooie van God nie gehoorsaam en God as die Wetgewer nie geëer nie. Die impak van misdaad lei daartoe dat die beeld van God in die mens verduister kan word en die misdaadgeaffekteerde nie altyd tot eer van die Here kan leef nie as gevolg van die vertrouensbreuk wat tussen die misdaadgeaffekteerde en sy naaste ontstaan. Getraumatiseerde mense is as gevolg van posttraumatiese stres ook nie in staat om volgens hulle potensiaal te ontwikkel nie. Die implikasie hiervan is dat God nie die eer kry waartoe die mens in staat is nie. Verder leer die Wet van God ook dat die naaste, in hierdie geval die misdaadgeaffekteerde, versorg moet word. Die getraumatiseerde persoon verdien die aandag van sowel professionele persone as medegemeenskapslede vir ondersteuning.

## Geraadpleegde bronne


AAFJES, A., HILKENS, H.G.M. & HUISINTVELD, J.A. 2000. *Memo vir slachtofferhulp 2000/2001*. Houten/Diegem: Bohn Stafleu van Loghum.

BARLOW, D.H. & DURAND, V.M. 2001. *Abnormal psychology: An integrated approach*. Belmont: Wadsworth.

BEZUIDENHOUT, F.J. 1998. Crime. (*In* Bezuidenhout, F.J., *ed*. *A reader on selected social issues*. Pretoria: Van Schaik. p. 145-162.)

BUYS, P.W. 1986. *Verklaring van die Heidelbergse Kategismus*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Sondag 25-52. Diktaat, Potchefstroom: Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke.)

DAVIS, L. & THERON, A. 1999. The utilisation of self-help groups as a form of victim empowerment. *South African Journal of Criminology*, 12(1):57-62.

DAVIS, R.C. & HENLEY, M. 1990. Victim service programs. (*In* Lurigio, A.J., Skogan, W.G. & Davis, R.C., *eds*. *Victims of crime: problems, policies and programs*. Newbury Park: SAGE. p. 157-171.)

DE BRUYN, P.J. 1993. *Die Tien Gebooie*. Midrand: Varia.

DE BRUYN, P.J. 1997. *Jou enigste troos: die Heidelbergse Kategismus vir die hedendaagse mens*. Potchefstroom: Sentrale Publikasies, PU vir CHO.

DUVENAGE, B. 1963. *Hoofpunte van die gereformeerde geloofsleer*. Potchefstroom: Pro Rege-Pers.

GROENHUIJSEN, M. 1998. Objectives of victim assistance: The professionalizations of service providing organizations. A comparison between European experiences and recent developments in South Africa. *Social Work Practice*, 98:1:15-24.

HEYNS, J.A. 1970. *Die nuwe mens onderweg: oor die Tien Gebooie*. Kaapstad: Tafelberg.

INSTITUTE FOR SECURITY STUDIES. 2004. Crime and safety in South Africa: media release of the 2003 National victim survey results. http://www.iss.co.za/media/SANVCSeminar02_03_04.htm [3 Maart 2004].

ISS

*kyk* INSTITUTE FOR SECURITY STUDIES

JACOBS, W.J. 1990. Ondersteuning aan die misdaadslagoffer. *Acta Criminologica*, 3(2):49-50.

JANSE VAN VUUREN, A. 2004. Gemeenskap weier hulp ná kastrasie. *Beeld*: 16, Feb. 11.

KÜHNE, I. 2003. Trauma ook vir nie-slagoffers: vrees het land in ’n wurggreep. *Rapport*: 10, Aug. 3.

LAUER, R. H. 1995. *Social problems and the quality of life*. 6th ed. Madison: Brown & Benchmark.

LEE, A.B. & SWENSON, C.R. 1994. The concept of mutual aid. (*In* Gitterman, A. & Shulman, L., *eds*. *Mutual aid groups, vulnerable populations, and the life cycle*. 2nd *ed*. New York: Columbia University Press. p. 413-431.)

MAWBY, R. I. & WALKLATE, S. 1994. *Critical victimology*. London: Sage.

NEDERLANDSCHE GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. s.a. Catechismus of onderwijzing in die christelijke leer, die in de Nederlandsche Gereformeerde Kerken en scholen geleerd wordt. (*In* Nederlandsche Gereformeerde Kerken In Nederland. *Catechismus of onderwijzing in die christelike leer, Liturgie der Gereformeerde Kerken in Nederland, Formulieren om de heilige sacramenten te bedienen*. 2de Uitg. Nederland: Verhoog-Nijkerk. p. 320.)

NEL, L.A.S. 2002. *Kerk en geweldsmisdaad in Suid-Afrika – ’n teologies-etiese studie*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.M.-skripsie.)

OOSTHUIZEN, M. 2003. Korrektiewe toesig aanbeveel vir pa wat kindermolesteerder skiet. *Beeld*: 14, Aug. 2.

PETZER, K. 2000. Exposure to violence and post-traumatic stress disorder in a rural adult population in South Africa. *Acta Academica*, 32(2):73-84.

ROESTENBURG, W. 2000. Exposure to crime as an indicator of family well-being. *Acta Criminologica,* 13(2):12-21.

SCHUTTE, S.C. 2003. *Die ontwikkeling en evaluering van ’n trauma-begeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle: ’n maatskaplikewerk-ondersoek*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Ph.D.-proefskrif.)

SNYMAN, R. 2002. A compensation scheme for South Africa. *The Victimologist*, 1(1):1, 4, April.

STANSFELD, F.D. 2002. *Beyond the victim: The traumatic effects of violent crime – and educational psychological perspective*. Pretoria: Unisa. (M.A. dissertation.)

STAVROU, P. 1998. The South African government's victim empowerment programme. *Social Work Practice*, 98:1:25-30, April.

STEVENS, R. & CLOETE, M.G.T. 1996. *Introduction to criminology*. Johannesburg: Thompson.

VAN DER WALT, B.J. 1994. *The liberating message: a Christian worldview for Africa*. Potchefstroom: PU for CHE.

VAN DER WALT, B.J. 1999. *Visie op die werklikheid: die bevrydende krag van 'n Christelike lewensbeskouing en filosofie*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Wetenskap Reeks F3, IRS versamelwerke no 48.)

VAN DER WALT, B.J. 2001. Shaping a radical Biblical world view. *Woord en Daad*, 41(377):13-17, Lente.

VAN DER WALT, B.J. 2003. Om 'n leier te wees – vanuit 'n Christelike perspektief. *Koers*, 68(2 & 3):143-171.

VAN DER WALT, J.L. 2003. Die proses van waardeheldering in die Suid-Afrikaanse onderwysopset beoordeel vanuit reformatoriese perspektief. *Koers,* 68(2 & 3):125-142.

VAN DIJK, J.J.M. 1994. Crime and victim surveys. (*In* Sumner, C., Israel, M., O'Connell, M. & Sarre, R., *eds*. *International victimology: Selected papers from the 8th International Symposium*. Canberra, ACT: Australian Institute of Criminology. p. 121-132.) (International victim series no. 27.)

VAN WYK, J. Hendrik. 1973. *Ons Christelike lewensbeskouing.* Referaat gelewer by die Konferensie oor weerbaarheid, aangebied deur die PU vir CHO, op 5 Oktober 1973. Potchefstroom ongepubliseer.

VAN WYK, J. Harm. 1998. *Etiek in eenvoud: gesprekke oor morele vraagstukke*. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

WILLIAMS, J.H., PIERCE, R., YOUNG, N.S. & VAN DORN, R.A. 2001. Service utilization in high-crime communities: Consumer views on support and barriers. *Families in Society*, 82(4):409-417.

WOLTERS, A.M. 1985. *Die skepping herwin: Bybelse grondslae vir 'n Reformatoriese lewensbeskouing*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks F2. Brosjurereeks, no. 52.)

**Kernbegrippe:**

maatskaplikewerk-ondersteuning: misdaadgeaffekteerde persoon
misdaad; impak van
traumatisering van misdaadgeaffekteerdes

**Key concepts:**

crime; impact of
social work support: crime affected person
traumatisation of crime-affected persons